



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V1

FEBRUARIE/MAART 2011

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1 (VERPLIGTEND)**

1.1	1.1.1	ONWAAR	(2)
	1.1.2	WAAR	(2)
	1.1.3	WAAR	(2)
	1.1.4	ONWAAR	(2)
	1.1.5.	WAAR	(2)
1.2	1.2.1	Lering:	
		• Om sistematiese inligting oor 'n onderwerp te gee.	
		• Dit is hoogs betekenisvol in party godsdienste, minder belangrik in ander en in nog ander feitlik glad nie belangrik nie.	
		• Godsdienste wat leringe ernstig beskou, beklemtoon duidelike, rasonale en sistematiese denke.	(4)
	1.2.2	Geloof/Oortuiging:	
		• Kan as 'n sinoniem vir 'geloof' gebruik word.	
		• Dit kan beteken om iets, 'n feit, 'n stelling, ens. te aanvaar.	
		• Dit kan 'n 'ferm mening/opinie' beteken.	
	1.2.3	Gelykenis:	
		• Hierdie woord verwys na 'n storie wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel te illustreer of om 'n godsdienstige vraag te beantwoord.	
		• Dit is gewoonlik baie kort en bevat 'n definitiewe sedeles.	
		• Dit bevat godsdienstige oortuiging, idees, sedelesse en waarskuwings.	
	1.2.4	Ideologie:	
		• Lering, oortuiging of leerstelling/doktrine wat godsdiens vervang.	
		• Voorbeelde is kommunisme, Marxisme, fascisme, nasionalisme, demokrasie en sosialisme.	
		• 'n Ideologie het 'n redelik duidelike kennisinhoud.	(4)
	1.2.5	Allegorie:	
		• Baie soos 'n gelykenis.	
		• 'n Storie wat vertel word om 'n beginsel te illustreer.	
		• 'n Allegorie kan baie langer as 'n gelykenis wees.	
		• Dit is nie beperk tot die maak van een enkele punt nie.	(4)
1.3	1.3.1	C	(2)
	1.3.2	E	(2)
	1.3.3	A	(2)
	1.3.4	B	(2)
	1.3.5	D	(2)

- 1.4 Normatiewe bron:
- Hierdie woord verwys na die skep van standarde; geneig om standarde te skep of te laat verlaag/val/daal.
 - Dit bevestig ook hoe dinge moet wees. (4)
- 1.5 Rol van die voorvaders:
- Boodskappers van die skepper
 - Toesighouers van die fisiese wêreld
 - Sorg vir die welstand van die lewendes
 - Help met die oordra van tradisie (godsdienste) van een geslag na die volgende
 - Hulle onthul hulself aan die lewendes deur drome en visioene (6)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 Vergelykbaarheid:
- Beteken dat twee of meer dinge vergelyk kan word.
 - Dit impliseer nie dat dinge dieselfde/eenders is nie.
 - Die daad om meer as een ding te vergelyk.
 - Beteken dat twee of meer dinge moontlik ooreenkomste en verskille kan toon.
 - Vergelykings kan óf eksplisiet óf implisiet wees. (6)
- 2.1.2 Eendersheid:
- Om ooreen te kom/eenders te wees
 - Toon ooreenkomste/Trek na mekaar
 - Van dieselfde soort
 - Twee of meer dinge kan ooreenkom/eenders wees m.b.t. sekere aspekte
 - Jy moet spesifiek wees oor hoe dinge ooreenkom/eenders is, bv. die ooreenkomste tussen twee godsdienste, bv. die Boeddhistiese en Hindoe-godsdienste (glo aan reïnkarnasie). (6)
- 2.1.3 Verskillendheid:
- Dit is die teenoorgestelde van eendersheid.
 - Beteken anders as/verskillend van.
 - 'n Punt waar dinge nie dieselfde/eenders is nie.
 - Hierdie konsep moet ook in spesifieke gevalle gebruik word, bv. Christendom en Hindoeïsme: (Hindoeïsme is politeïsties terwyl die Christendom monoteïsties is.) (6)
- 2.2 Hindoeïsme en Boeddhisme:
- Beide glo aan reïnkarnasie.
 - Beide het heilige geskrifte.
 - Beide voer rituele uit.
 - Beide vier spesiale heilige dae.
 - Beide het in Indië ontstaan. (10)

2.3 Sekularisme verwys na handel en wandel onafhanklik van godsdienstige instellings en simbole.

(2)

2.4 Theravada Boeddhisme:

- Dit is die oudste skool in Boeddhisme.
- Dit is gebaseer op die Pali Kanon/Geloofsreëls wat die oudste geskrif van die tradisie is.
- Dit word hoofsaaklik in Thailand, Laos, Sri Lanka, Kambodja en dele van Viëtnam en Maleisië gevind.
- Die Boeddha word nie as 'n goddelike wese beskou nie.
- Hy word beskou as 'n menslike wese wat die geheim van verligting ('enlightenment') ontdek het en die siklus van hergeboorte vrygespring het.
- In hierdie vertakking is die ideaal dat die individu 'n lewe van meditasie lei sodat hy/sy verlig ('enlighten') kan word.
- Die monnike van hierdie vertakking woon in kloosters.
- Hulle mediteer en bedel vir kos vir die grootste gedeelte van die dag.
- Hulle help egter ook met leketake (nie-klerikale) by belangrike geleenthede in mense se lewens, soos geboortes, troues en begrafnisse.
- Alle mans in hierdie vertakking moet vir 'n tydperk in hulle lewens by die klooster aansluit.
- Die meeste godsdienstige praktyke word tuis uitgevoer.

Mahayana Boeddhisme:

- Hierdie tak het ontstaan omdat sommige Boeddhiste die Theravada-tradisie te moeilik gevind het om te volg.
- Hulle beskou die Boeddha as 'n voorwerp van aanbidding.
- Die Boeddha word aanbid as 'n goddelike wese.
- Die vertakking het ontstaan uit die konsep van Bodhisattva.
- Dit beteken 'n persoon kan op sy/haar eie meriete Nirvana binnegaan.
- Die vertakking leer ook dat baie Boeddhiste voor Siddharta Gautama gekom het en dat ...
- (n)og baie Boeddhiste in die toekoms sal kom.
- Die Mahayana-vertakking vorm nie 'n enkele groep nie,
- Maar 'n versameling verskillende denkskole en -praktyke.

Vajrayana Boeddhisme kan in drie hoofvertakkinge gedeel word:

- Hierdie vertakking word ook die 'Diamond Vehicle' of Tibettaanse Boeddhisme genoem.
- Dit word hoofsaaklik in lande soos Tibet, Nepal en Bhoetan gevind.
- Dit leer dat verligting ('enlightenment') nie verkry (bekom) word deur geduldige meditasie, soos in die ander twee vertakkinge, nie.
- Hulle beweer dat dit verkry word deur radikale 'skok'-tegnieke.
- Dit kan vreemde en selfs antisosiale gedrag insluit.

(20)
[50]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 • Regte is in die Verenigde Nasies se Universele Verklaring van Menseregte vasgelê.
• Die Suid-Afrikaanse Grondwet beskerm ook hierdie regte.
• Dit is egter belangrik om te weet dat alle regte ook beperkinge het.
• Geen godsdiens moedig geweld tydens die uitdrukking van frustrasie en ontevredenheid aan nie.
• Regte sluit nie aanstigting/aansporing tot geweld in nie.
• Een belangrike waarde van godsdienste is om vrede en harmonie onder mense aan te moedig. (10)
- 3.1.2 Godsdiensvryheid:
• Godsdiensvryheid kan verduidelik word as die handeling om die gemeenskap van 'n spesifieke gebied die geleentheid te gee/in staat te stel om 'n godsdiens van eie keuse te beoefen.
• Dit beteken vryheid van keuse met betrekking tot godsdiens.
• Mense in 'n spesifieke land is vry om enige godsdienstige geloof aan te hang.
• Dit beteken ook dat enigiemand, op enige plek, die vryheid het om te glo wat hulle wil oor God.
• Dit beteken ook dat mense vry is om aktief die godsdiens van hulle keuse te volg en te beoefen.
- VOORBEELD: Die Suid-Afrikaanse Grondwet laat godsdienstige vryheid toe en verbied enige onregverdige diskriminasie op grond van godsdienstige oortuiginge. (10)
- 3.2 3.2.1 • Die media gee mense inligting oor dinge wat rondom hulle plaasvind.
• Mense kyk na die inligting en vorm menings/opinies.
• Hierdie opinies inspireer reaksie en optrede/gedrag.
• Selfs waneer die media probeer om objektief te wees, bied hulle tog 'n standpunt aan.
• Onverantwoordelike verslagdoening kan potensieel onverdraagsame neigings tussen party godsdienste aanvuur.
• Bevooroordeelde verslagdoening kan belangrike kenmerke van godsdienste ondermyn.
• Oningeligte verslagdoening kan die reputasie van party godsdienste skade aandoen.
• Onverantwoordelike verslagdoening kan onderliggende spanning in 'n gemeenskap aanvuur. (10)

- 3.2.2 ATG ('ATR') is as voorbeeld gekies:
- Die onderskeie ATG-gemeenskappe verskil in die wyse waarop hulle onregverdighede in hul gemeenskappe hanteer.
 - Tradisioneel het alle groepe daarop aangedring dat kriminele op 'n toepaslike wyse hanteer word.
 - Tradisioneel is moordenaars permanent uitgedryf.
 - Dit het as 'n sterk afskrikmiddel vir antisosiale gedrag gedien.
 - In ATG is mense nie toegelaat om die wet in eie hande te neem nie.
 - In plaas daarvan moes die gemeenskap waarin hulle gewoon het, die wet toepas/geregtigheid laat geskied.
- (10)

- 3.3 3.3.1 Boeddhisme:
- Hulle glo dat alle mense vry gebore en gelyk is.
 - Alle mense moet gerespekteer word.
 - Die Boeddha leer dat Boeddhiste nie ander mense skade moet aandoen nie.
 - Boeddhiste moet liefdevolle welwillendheid aan alle skepsele/wesens betoon.
 - Boeddhiste glo dat dit belangrik is dat mense die vryheid het om hulle geestelike potensiaal te ontwikkel sonder dat hulle in iets ingedwing word wat nie hulle eie vrye keuse is nie.

OF

- 3.3.2 Judaïsme:
- 'Om jou naaste lief te hê soos jouself' is een van die sentrale wette van Judaïsme.
 - In Joodse denke moet mense hulle regte op 'n sedelike wyse beoefen.
 - Hulle erken dat regte verantwoordelikhede impliseer.
 - Hulle erken dat alle mense deur God geskep is en dat almal geskep is om Hom te dien.
 - Hulle glo dat verskillende godsdienste kan saamwerk om God se plan van 'n ideale wêreld te volbring.
- (10)
[50]

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 Mite:
- 'n Tipe heilige storie.
 - Dit gaan hoofsaaklik oor die begin/ontstaan-tyd en eindtyd of sleutelgebeure in tyd.
 - 'n Mite verwys na 'n storie wat verduidelik waarom iets is soos wat dit is.
 - 'n Heilige storie wat verduidelik waarom die wêreld is soos wat dit is, en die aard van die menslike ondervinding/ervaring/belewing.
 - Daar is verskillende soorte godsdienstige mites.
 - Voorbeelde van mites is onder meer skeppingsmites, eindtyd-mites en grondslagmites.
- (10)

4.1.2 Leerstelling/Doktrine:

- Die term 'doktrine' is 'n sinoniem vir leerstelling/lering.
- Die term 'doktrine' het nie 'n negatiewe konnotasie nie.
- Die woord 'doktrine' verwys na 'n godsdienstige lering/leerstelling.
- Net soos 'lering/leerstelling' het 'doktrine' nie noodwendig enige negatiewe betekenis nie.
- 'n Stel godsdienstige leerstellings.
- 'Doktrinêr' is 'n woord wat van die konsep 'doktrine' afgelei is.
- Waar 'doktrine' nie 'n negatiewe konnotasie het nie, het 'doktrinêr' definitief een.
- 'n Doktrinêre mens pas doktrine in alle omstandighede toe sonder inagneming van praktiese oorwegings.
- 'n Stel beginsels of waardes wat deur die volgelinge aanvaar word.

(10)

4.1.3 Dogma:

- Dit het twee betekenisnuanses wat relevant is in die konteks van godsdiens.
- Hierdie konsep verwys na 'n beginsel, leerstuk/leerstelling of stelsel hiervan, veral soos neergelê deur 'n kollektiewe godsdienstige gesag/owerheid.
- Dogma het ook 'n bykomende konnotasie; een van kollektiewe godsdienstige outoriteit/gesag.
- Dogma het 'n element van kollektiewe gesag.
- Dogma word deur die kollektiewe godsdienstige owerheid aangebied soos gevind in goddelike openbaring.
- Daar is geen skeidslyn tussen 'n lering en dogma nie.

(10)

4.2 4.2.1

- Die meeste religieuse mense het spesiale oomblikke wat gebruik word vir meditasie en gebed.
- Die meeste religieuse mense gedenk spesiale dae om rituele uit te voer.
- Nie-religieuse mense gedenk nie spesiale dae om rituele uit te voer nie.
- Nie-religieuse mense glo nie aan God of 'n Opperwese nie.

(8)

4.2.2 Bahai-geloof:

- Hierdie godsdiens volg die leringe van 'n 19^{de} eeuse profeet genoem Baha'ullah.
- Hulle leer dat daar slegs een God is en dat alle godsdienste, ten spyte van hul verskille, in werklikheid dieselfde God aanbid.
- Hulle glo dat hierdie profeet die uitverkose boodskapper van God was.
- Hulle glo dat daar 'n tyd sal kom wanneer hulle godsdiens die enigste op die wêreld sal wees.
- Hulle glo dat alle godsdienste en kulture van die wêreld sal saamkom en as een verenigde familie sal lewe.
- Volgens hierdie geloof kan alle godsdienste beskou word as verskillende stadiums van geestelike ontwikkeling.

(12)
[50]

VRAAG 5

- 5.1 5.1.1
- Nee
 - Die aanneem van wette deur regerings wat op die oortuiging van 'n spesifieke godsdiens gebaseer is.
 - Mense met 'n ander godsdienstige agtergrond kan dalk nie daardie wette aanvaar nie want dit is onversoenbaar met hulle oortuiging.
 - Mag oor ander etniese, nasionale of rassegroepe.
 - In sommige gevalle probeer politieke partye godsdiens vir hulle eie gewin manipuleer.
 - Politieke partye regverdig ook oorlog op godsdienstige gronde. (10)
- 5.1.2
- Ingryping deur die Wêreldraad van Godsdiens.
 - Die koördinering van vreedsame konferensies wat verskillende godsdiensgroepe insluit.
 - Betrokkenheid van verskillende sosiale groepe om oor 'n vreedsame skikking te onderhandel.
 - Die regering van Nigerië moet 'n vredesberaad belê wat alle gemeenskapsgroepe insluit, ook daardie wat by die konflik betrokke is.
 - Die regering moet die gemeenskap laat meedoen deur hulle oor menseregte op te voed.
 - Die regering moet programme organiseer wat die gemeenskap se verbintenis sal versterk om menseregte na te kom/te respekteer. (10)
- 5.1.3
- Die mense betrokke by die konflik is lede van die verskillende godsdiensgroepe in die gemeenskap en hulle moet na hulle godsdienstige leiers luister/gehoorsaam.
 - Die godsdiensleiers kan tydens byeenkomste met gelowiges praat en geweld ontmoedig.
 - Godsdiensleiers moet saamspan met ander gemeenskapsleiers om in te gryp en saamwerk om vrede te herstel en te behou.
 - Deur hulle leiers kan godsdiensgroepe deel wees van besluitneming oor beleid om te verseker dat beleid só ontwerp word dat geen groep in die gemeenskap ondermyn word nie.
 - Die waardigheid van godsdiens moet verdedig word. Dit is 'n manier, gebaseer op godsdienstige leringe, wat gebruik kan word om die nuus dat vrede noodsaaklik is vir naasbestaan, te versprei. (10)

5.2 Sekulêre humanisme as wêreldbeskouing:

- Humanisme het in Europa en Amerika ontwikkel alhoewel daar aanduidings is dat China en Indië tot die ontwikkeling van die beweging bygedra het.
- Sekulêre humanisme het 'n direkte invloed op godsdiens omdat dit met godsdienstige konsepte soos die volgende in wisselwerking is:
 1. Beskouinge oor goddelikheid, die kosmos, humaniteit, kennis, die goeie en die skone
 2. Heilige en normatiewe tradisie
 3. Vertellings/Verhale en mites
 4. Etiek
 5. Rituele
 6. Simbole
 7. Geestelike ondervinding of geestelikheid
 8. Geloof
 9. Organisasie

(20)

OF

Ateïsme:

- Ateïsme word beskou as 'n sekulêre wêreldbeskouing want dit is die teenoorgestelde van teïsme.
- Daar is verskillende vorme van ateïsme.
- Sagte ateïste is dié wat twyfel of God, gode of godinne bestaan maar is nie aktief betrokke om te bewys dat die goddelike wese nie bestaan nie.
- Sterk ateïste is dié wat glo dat daar bewyse is dat die goddelike wese nie bestaan nie.
- In sommige gevalle verwerp sagte ateïste beide teïsme en sterk ateïsme omdat hulle voel dat beide op bewyse staatmaak.
- In die moderne wêreld kies mense om ateïste te wees om verskeie redes.
- Sommige ateïste glo dat dit nie logies is om aan 'n goddelike mag te glo nie aangesien daar geen bewys is dat 'n goddelike mag bestaan nie.
- Ateïste wend hulle dikwels na die wetenskap.
- Hulle wend hulle eerder na die wetenskap om die aard van die wêreld te verduidelik as om op godsdiens staat te maak.
- Party ateïste verwerp die idee van godsdiens om morele redes.

(20)

OF

Agnostisisme:

- Agnostisisme is in 1869 die eerste keer deur die filosoof TH Huxley gebruik.
- Agnostisisme het opgeduik toe daar 'n debat oor wetenskap en godsdiens in Europa was.
- Die Christen-kerk het baie mag en gesag gehad.
- Charles Darwin se evolusieleer het 'n groot invloed op godsdiens gehad aangesien dit die idee van 'n Opperwese, wat vir die skepping verantwoordelik is, teengestaan het.
- Baie mense het die gesag van godsdienstige instellings begin bevraagteken.
- Agnostisisme word op verskeie maniere verstaan.
- Die term 'agnosties' kom van die Griekse woord 'gnosis' (kennis) en 'a' (sonder).
- Die meeste agnostikusse beweer dat dit onmoontlik is om te weet of God, gode of godinne werklik bestaan.
- Agnostikusse is skepties oor godsdienstige leringe.
- Hulle vertrou nie godsdienstige doktrines/leerstellings nie.
- Godsdienste wat beweer dat hulle ware kennis het, word selfs meer wantrou.

(20)
[50]**TOTAAL AFDELING B: 100**
GROOTTOTAAL: 150